

15 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 14:14-21 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 14:17, 20, 21

Laat ons nooit klein oor God dink nie (die eerste vermeerdering van die brood)

Soms staan ons voor iets onmoontlik. Iets hiervan moes die dissipels daardie betrokke dag beleef het. Hulle loop getrou die pad saam met Jesus. Nou gee Hy egter aan hulle 'n opdrag wat vir hulle onmoontlik is: *Gee julle vir hulle iets om te eet.* MAAR Here, ons het net vyf brode en twee visse. Hier staan duisende mense voor ons. Tog, die mense het geëet, versadig geword en daar het nog 12 mandjies vol oorgebly.

Die eerste vermeerdering van die brood kom na ons met 'n kragtige, treffende boodskap wat in elke situasie van ons lewe insny: Moet nooit klein dink van God omdat ons klein is nie. Moet nooit dink omdat ons beperk is, God ook beperk moet wees nie. As iets vir jou onmoontlik lyk, moet dit vir God ook onmoontlik wees? As jou vermoëns en krag hulle einde bereik het, moet Hy ook gedoen wees? Op daardie dag staan daar 'n menigte mense voor Jesus. Hy het hulle innig jammer gekry. Die dissipels het in verantwoordelikheid na Jesus gekom. Hulle het reeds uitgewerk hoeveel geld nodig sou wees om almal te versorg. Hulle kan nie, maar Hy kan.

Ons maak maklik soos die dissipels daardie dag. Ons begin by wat ons nie het nie. Jesus begin met wat hulle het. Julle het vyf brode en twee visse. Vir Hom, wat die Brood van die lewe is, was dit meer as genoeg. Daar sou nog oorbly. So maklik. Hy breek die brood, deel dit uit. Die mens is beperk. God nie.

Glo jy dat Hy met vyf brode en twee visse 'n skare kan voed? Dan kan jy ook glo dat Hy aan die kruis vir jou gesterf het. Dan kan jy ook vertrou dat Hy vandag in jou lewe die onmoontlike kan doen. Laat ons nooit klein oor God dink nie.

Sing: Psalm 48:1 (Totius)

Ds. JG Noëth (Kimberley)